

**31 OKTOBER**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: ROMEINE 12:1-8**

### **Die nuwe lewe in Christus**

Christus is die volkome offer. Alle offers het in Hom vervulling gevind.

Reeds in die Ou Testament het God duidelik gemaak dat die offer van 'n dier net simbolies is van die aanbieder se selfoorgawe aan die Here. Dit gaan egter nie net oor die offer nie, maar oor die hartsgesindheid van die mens wat die offer bring. Dit moet op so 'n manier wees dat dit vir God aanneemlik is, dat Hy daardeur vereer word. Dit is tog die kern van ons godsdiens, dat God se eer altyd eerste gestel moet word. Om onself as lewendige en heilige offers aan God te gee, beteken ons moet ontslae raak van ons eie sondige begeertes, en die wil van die Here soek met ons hele hart. Ons moet met liggaam en siel die Here dien. Ons moet aktief betrokke wees in die koninkryk van God.

Hoe raak ons aktief in die koninkryk van God? In vers 2 kom die oproep om nie aan die sondige wêreld gelyk te word nie. Moenie sonde doen nie! Ons is tog in sonde ontvang en gebore, hoe kan ons dan nie sondig nie? Paulus gaan voort in vers 2 en sê ons moet God ons denke laat vernuwe. "Dan sal julle ook kan onderskei ... wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is." So raak ons aktief in die koninkryk deur God wat ons verander. Deur die Heilige Gees wat in ons werk, verander God ons denke om sy wil vir ons raak te sien. Ons moet egter nie verwaand raak nie, maar die wil van God met beskeidenheid uitvoer.

Elke persoon het gawes van God ontvang, en hulle verskil van mekaar. Sekere gawes lyk belangriker as ander, maar vir die Here is almal ewe belangrik. Ons moet dus nie neerkyk op mekaar nie, ons moet mekaar eerder in liefde ondersteun. Ons is almal lede van die liggaam van Christus, en daarom is ons van mekaar afhanklik. Christus is die volmaakte offer, en ons moet strewende om sy voorbeeld te volg.

*Sing: Psalm 138:1, 2*

*Riaan Jansen van Vuuren (Teologiese student)*